OPE BRIEF DEUR NIC GEORGIOU AAN BELEGGERS – 12 Oktober 2018.

Finansiële Adviseurs – Stuur asb aan u kliënte.

Geagte Belegger

Baie is reeds bespiegel en geskryf oor die klasaksie aansoek en gepaardgaande litigasie m.b.t. u eis teen Orthotouch, en terwyl tyd verby vlieg is dit nou baie belangrik dat u deelname aan en u standpunt ten opsigte hiervan in oënskou neem om u belegging(s) te beveilig.

Die oorweldigende meerderheid beleggers verkies eerder om hul beleggings, rente inkomste en skikkings te verseker en om dit te bewerkstellig doen ek n beroep op beleggers om my te ondersteun ten einde my voorneme om u ingevolge die reëlingskema te betaal te kan uitvoer aangesien dit die enigste werkbare oplossing is.

Soos u wel van bewus is gaan hierdie saga al vir meer as 8 jaar aan, sedert u in die Hoëveld Sindikasie Maatskappye belê het. Toe die HS Maatskappye finansiële probleme ondervind het en in Besigheid Redding geplaas is, het ek ingestem om al die eiendomme (HS15-22) by die Sindikasies te koop in naam van Orthotouch, onderskryf deur Zephan Properties (Pty) Ltd wat wysiging van regte, waardes, stemreg tot gevolg gehad het asook die verbeuring van enige terugkoop ooreenkoms.

Op die oomblik word volgehou betaling van al die opsies geweldig bemoeilik deurdat Jacques Theron van Theron & Vennote te Stellenbosch sy HSAG ondersteuners mislei met sogenaamde suksesse behaal met sy klas aksie geding en hul nog verder mislei met eise wat hy ingevolge HS 21&22 terugkoop ooreenkomste wil instel. Al wat Theron met sy litigasie tot dusvêr bereik het is dat my maatskappy dit baie moeilik vind om finansiering te bekom om besigheid te kan doen om ons beloftes aan beleggers na te kom. Indien u hom toelaat om voort te gaan op sy vernietigende pad gaan dit net meer negatiewe druk op ons finansies plaas terwyl hy voortgaan om ongekende fooie te hef wat reeds meer as R45 miljoen beloop vir geen of baie min vordering in bykans 5 jaar. Dit gaan egter net oor eie gewin en die belaglike R64 miljoen skikkings fooi (wat R25 miljoen onderhandelings fooi insluit) wat Johan Stander & Theron van my wou vorder tydens n vergadering in Maart 2017 te Stellenbosch, wat ek geweier het om te betaal, is bewys daarvan. (Afskrif van Johan Stander se handgeskrewe skikkingsfooi voorstel is aangeheg).

U ondersteuning word benodig om Mnr Theron se klasaksie, litigasie en ander aksies wat insluit vals beloftes ten opsigte van terugkoop ooreenkomste te stuit wat uiteindelik tot die likwidasie van die Maatskappye betrokke kan lei en absoluut rampspoedig vir alle beleggers sal wees.

Ons verkies om nie op al die vals inligting en “fop nuus” wat deur Mnr Theron en sy HSAG bestuur versprei word te reageer nie, maar is ek van mening dat u bewus moet wees van die negatiewe impak wat dit op my maatskappy se reputasie het en gevolglik aansoeke vir befondsing beïnvloed.

Ek bly verbind tot my onderneming ingevolge die reëlingskema en in besonder teenoor die beleggers wat hul steun aan die skema toon.

Ek sal op n gereelde basis n skrywe aan u rig insake belangrike inligting.

Die uwe,

Nic Georgiou

****